BELANGRIKE INLIGTING:
AFRIKAANS-EKSPO VIR LEERDERS

Augustus 2008

Inhoud van Augustus-nuusbrief

- Statistiek: Deelnemende skole vir Provinsiale Ekspo
- Belangrike gebeure
- Nuwe sekretariaat
- Provinsiale sertifikate
- Terugvoer oor provinsiale beoordeling
- Belangrike inligting vir Nasionale Funksie 13 September 2008

Statistiek: Deelnemende skole vir Provinsiale Ekspo

Die getal deelnemende skole vir die Provinsiale Ekspo, per provinsie, is die onderstaande. Ons het nog nie al die getalle ontvang nie en daar kan dus nog veranderings wees.

Gauteng	37
KwaZulu-Natal	6
Limpopo	5
Noordwes	20
Mpumalanga	3
Noord-Kaap	6
Wes-Kaap	2
Vrystaat	10
Totaal	**89**

Belangrike gebeure

4 – 8 Augustus	➢ Beoordelaar-koördineerder oorhandig inskrywings aan die Nasionale beoordelaars.
18 – 28 Augustus	➢ **Nasionale beoordeling vind in Pretoria plaas.** ➢ Die Ekspo-kantoor **versorg die katalogus en plaas dit op die webwerf.** ➢ Die Voortrekker-hoofkantoor **tik die name op die nasionale sertifikate**.
29 Aug. – 5 Sept.	➢ Die Ekspo-kantoor **verwerk die finale punte.**
5 – 8 September	➢ **Finaliste** word bepaal. ➢ **Paneelbeoordeling** om wenners aan te dui.
9 – 10 September	➢ **Uitslae** word aan die skole gestuur. ➢ **Wenners** word na die prysuitdelingsgeleentheid genooi. ➢ Skole laat weet wie dit gaan bywoon.
13 September 2008	➢ **NASIONALE AFRIKAANS-EKSPO**

Nuwe sekretariaat

Die Ekspo-bestuur wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om Me. Chrisna Nel terug te verwelkom na drie jaar wat sy nie by die Ekspo werksaam was nie. Dit is ’n riem onder die hart om iemand so vaardig en so toegewyd weer terug in ons midde te hê. Me. Tania van Rooyen het haar dienste beskikbaar gestel aan

'n familiebesigheid en ons wens haar alles van die beste toe. Al die kontakbesonderhede bly steeds dieselfde behalwe die e-posadres: chrisna@afrikaansekspo.org.za

Provinsiale sertifikate

Die skole waarvan die korrekte (of enige) plaaslike en provinsiale getalle ontvang is, se Provinsiale sertifikate word in Augustus gepos. Wees asb. geduldig indien dit nog nie by julle is nie. Onthou, slegs die leerders wat nie na die Nasionale Ekspo deurgedring het nie, ontvang Provinsiale sertifikate. Indien daar enige probleme rondom die sertifikate is, bv. te min ontvang, ens., laat weet asb. vir Chrisna Nel by die sekretariaatkantoor (tel. 012-420 5831 of faks 086 502 6484).

Terugvoer oor Provinsiale beoordeling

Ons vra elke jaar vir die onderskeie provinsiale beoordelaars om verslag te lewer oor die inskrywings wat beoordeel word. Ek plaas graag die verslag wat ons van Gauteng se Hoofbeordeelaarkoördineerder ontvang het omdat dit baie volledig is en ook al die opmerkings van die ander provinsiale beoordelaars insluit.

Kort verslag oor die Afrikaans-Ekspo

Ek wil met die deur in die huis val deur leerders weer eens geluk te wens met hul inskrywings. Dit is duidelik sigbaar dat leerders die Ekspo geniet. Die kreatiwiteit wat met die inskrywings geassosieer word, is van 'n hoë gehalte!

'n Aantal kleiner, tegniese sake moet egter onder die hoofbestuur se aandag gebring word. Hoewel die Ekspo oral in die riglyne versoeke rig dat leerders nie van plastieksakkies gebruik maak nie, is dit telkens steeds 'n probleem en 'n groot las, veral wanneer leerders ook van die bekende "flip-file" met plastiekbladsytjies gebruik maak. Dit is eintlik verbasend hoeveel tyd vermors word om beoordelingsvorms in-en-uit te haal.

Hoewel dit elke jaar gebeur dat sommige onderwysers die D2-vorms invul en geen ruimte vir die beoordelaar vrylaat nie, het dit hierdie jaar 'n irritasie geraak met die aantal onderwysers wat altwee D2-vorms voltooi. Daar is ook 'n aantal leerders wat die verkeerde D2-vorms aan hulle inskrywings heg. Soms doen leerders baie moeite met hul inskrywings deur die plakboek of lêertjie in pragtige toutjies of linte toe te draai. Dit lyk baie mooi, maar neem soms tien minute om die inskrywing as 't ware oop-en-toe te knoop.

Wat die inhoud van inskrywings betref, was die poësie effens teleurstellend. Leerders benodig vars onderwerpe en alternatiewe lewensuitkyke. Dit is ook te tradisioneel en te stagnant. Ons stel voor dat leerders aan 'n groter verskeidenheid poësie blootgestel word, voordat hulle hul eie gedigte aanpak. Prosa-werke was dikwels die teenoorgestelde. Leerders is bedrewe in hul kortverhale en behoort baie ondersteuning en aanmoediging te ontvang. Die koerantplakboeke is, soos gewoonlik, van hoë kwaliteit, maar uiters neerslagtig. Daar word – en dit is begryplik – uiters baie op die negatiewe in ons land gefokus. Slegs enkele leerders het op positiewe aspekte gefokus. Daar was ongelukkig 'n hele aantal navorsingstake wat nie aan die vereistes, soos in die handleiding aangedui is, voldoen het nie. Baie van hierdie inskrywings het nie oor 'n onderwerp rakende Afrikaans gehandel nie en moes ongelukkig gediskwalifiseer word.

Daar is steeds 'n groot hoeveelheid leerders wat nie verstaan wat 'n fotoverhaal is nie en 'n aantal wat nie mooi weet hoe om spotprente te analiseer nie. Onderwysers moet dit dalk beter onder leerders se aandag bring. Die dialoë en paragraaf-beskrywings van addisionele taalsprekers is hierdie jaar van 'n baie hoë standaard! Ek raak baie opgewonde daaroor.

Dagboekinskrywings was oor die algemeen baie goed en beoordelaars versoek dat die uiterlike voorkoms van die dagboeke ook deel van die beoordelingskriteria word. Hulle doen baie moeite met die manier waarop hulle dagboeke versier word. Dit geld ook baie van die ander inskrywings.

Die moeite wat meeste leerders met hul inskrywings doen, is werklik verbasend.

Hoewel daar verskeie leerders was wat op tegniese gronde gediskwalifiseer moes word, het ons as beoordelaars besluit om diskwalifikasiefoute aan te dui en leerders eerder te penaliseer as om hulle summier te diskwalifiseer. Ons het egter diskwalifikasie toegepas wanneer daardie foute baie blatant voorgekom het.

'n Laaste voorstel aan onderwysers is om leerders 'n vryer hand te gee in sommige kategorieë. Die onderwyser se invloed is soms te duidelik sigbaar, veral in die tema- en bronkeuses, byvoorbeeld Navorsing.

Nietemin is al die beoordelaars baie positief oor 2008 se inskrywings. Die standaard, kwaliteit en kreatiwiteit is uiters bevredigend.

Terrence Carney
Universiteit van Pretoria

23 Junie 2008

Belangrike inligting vir Nasionale Funksie 13 September 2008

DIE VOLGENDE INLIGTING IS VAN UITERSTE BELANG!

1. Nasionale Sertifikate

Die Afrikaans-Ekspo neem vanjaar GEEN verant-woordelikheid vir leerders se name wat **VERKEERD** gespel is op die sertifikate **NIE**. Onderwysers moet, soos versoek, dit asseblief finaal kontroleer met die Provinsiale puntelyste. **GEEN sertifikate sal heruitgereik word** in die geval nie.

2. Bywoning van Nasionale Funksie

Wenners word skriftelik genooi en daar is 'n datum waarop die verantwoordelike onderwyser moet antwoord watter leerders die funksie gaan bywoon al dan nie. Indien ons nie 'n lys van leerders wat wel gaan bywoon of dit nie kan maak nie, ontvang soos aangedui op die uitnodiging nie, **sal daar NIE voorsiening vir daardie leerders by die prysuitdeling gemaak word NIE**. Die Ekspo-bestuur sal beskik oor 'n lys van leerders se name wat wel gaan bywoon. Indien 'n leerder opdaag en sy of haar naam is nie daarop nie, kan ons nie daardie leerder onvoorbereid akkommodeer nie. Dit gebeur elke jaar dat leerders sonder ons wete opdaag, en buiten dat ons in 'n verleentheid geplaas word, veroorsaak dit telkemale 'n onaangenaamheid waarvoor die Ekspo-bestuur beslis nie verantwoordelikheid kan neem nie.